# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# STAATSKOERANT

# GOVERNMENT GAZETTE

## FOR THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**R1,00** Prys • Price
**R0,10** Plus 10% BTW • VAT
**R1,10** Verkoopprys • Selling price
Buitelands **R1,40** Other countries
Posvry • Post free

VOL. 323 KAAPSTAD, 6 MEI 1992
CAPE TOWN, 6 MAY 1992 No. 13953


KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1235. 6 Mei 1992

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 51 van 1992: Wet op Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1235. 6 May 1992

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 51 of 1992: Births and Deaths Registration Act, 1992.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

_________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

---

# WET

**Tot reëling van die registrasie van geboortes en sterftes; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 26 April 1992.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "begraafplaas" enige openbare, private of ander plek wat vir 'n begrafnis gebruik word; (iii)

(ii) "begrafnis" die begrawing in die grond of die verassing van of beskikking op enige ander wyse oor 'n lyk; (ii)

(iii) "bevolkingsregister" die bevolkingsregister vermeld in die Wet op Identifikasie, 1986 (Wet No. 72 van 1986); (xiii)

(iv) "Departement" die Departement van Binnelandse Sake; (v)

(v) "Direkteur-generaal" die Direkteur-generaal: Binnelandse Sake; (vi)

(vi) "doodgebore", met betrekking tot 'n kind, dat die kind een is van wie 'n vrou minstens 26 weke swanger was maar wat na volledige geboorte geen teken van lewe getoon het nie, en het "doodgeboorte", met betrekking tot 'n kind, 'n ooreenstemmende betekenis; (xviii)

(vii) "geboorte", met betrekking tot 'n kind, die geboorte van 'n kind wat lewend gebore word; (i)

(viii) "hierdie Wet" ook die regulasies; (xix)

(ix) "lyk" 'n dooie menslike liggaam en ook die liggaam van 'n doodgebore kind; (iv)

(x) "meerderjarig" of "meerderjarige persoon" 'n persoon wat die ouderdom van 21 jaar bereik het of wat ingevolge die bepalings van artikel 2 van die Wet op Meerderjarigheidsouderdom, 1972 (Wet No. 57 van 1972), meerderjarig verklaar is, en ook 'n persoon wat 'n wettige huwelik sluit terwyl hy onder die ouderdom van 21 jaar is; (ix)

(xi) "minderjarig" of "minderjarige persoon" 'n persoon wat nie meerderjarig of 'n meerderjarige persoon is nie; (xi)

(xii) "Minister" die Minister van Binnelandse Sake; (x)

(xiii) "polisiebeampte" 'n lid van die Mag soos omskryf in artikel 1 van die Polisiewet, 1958 (Wet No. 7 van 1958); (xii)

(xiv) "registrasie", met betrekking tot 'n geboorte of 'n sterfte, die registrasie daarvan vermeld in artikel 5; (xvi)

(xv) "regulasie" 'n regulasie wat kragtens hierdie Wet uitgevaardig en van krag is; (xvii)

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To regulate the registration of births and deaths; and to provide for matters connected therewith.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 26 April 1992.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Definitions**

**1.** In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "birth", in relation to a child, means the birth of a child born alive; (vii)

(ii) "burial" means burial in earth or the cremation or any other mode of disposal of a corpse; (ii)

(iii) "burial place" means any public, private or other place which is used for a burial; (i)

(iv) "corpse" means any dead human body, including the body of any still-born child; (ix)

(v) "Department" means the Department of Home Affairs; (iv)

(vi) "Director-General" means the Director-General: Home Affairs; (v)

(vii) "fingerprints" includes palmprints; (xvii)

(viii) "forename" means the word or words by which a person is designated as an individual and which precede his surname; (xix)

(ix) "major" or "person of age" means any person who has attained the age of 21 years or who has under the provisions of section 2 of the Age of Majority Act, 1972 (Act No. 57 of 1972), been declared to be a major, and includes a person under the age of 21 years who has contracted a legal marriage; (x)

(x) "Minister" means the Minister of Home Affairs; (xii)

(xi) "minor" or "minor person" means any person who is not a major or a person of age; (xi)

(xii) "police officer" means a member of the Force as defined in section 1 of the Police Act, 1958 (Act No. 7 of 1958); (xiii)

(xiii) "population register" means the population register mentioned in the Identification Act, 1986 (Act No. 72 of 1986); (iii)

(xiv) "prescribed" means prescribed under this Act or any regulation; (xviii)

(xv) "regional representative" means any person designated as a regional representative under section 21(1)*(a)* of the Identification Act, 1986 (Act No. 72 of 1986); (xvi)

(xvi) "streekverteenwoordiger" 'n persoon wat kragtens artikel 21(1)*(a)* van die Wet op Identifikasie, 1986 (Wet No. 72 van 1986), as 'n streekverteenwoordiger aangewys is; (xv)

(xvii) "vingerafdrukke" ook palmafdrukke; (vii)

(xviii) "voorgeskrewe" kragtens hierdie Wet of by regulasie voorgeskryf; (xiv)

(xix) "voornaam" die woord of woorde waarmee 'n persoon as 'n individu aangedui word en wat sy van voorafgaan. (viii)

## HOOFSTUK I

## ADMINISTRASIE

**Toepassing van Wet**

**2.** Die bepalings van hierdie Wet is van toepassing op alle Suid-Afrikaanse burgers, hetsy binne die Republiek, hetsy buite die Republiek, en ook ten opsigte van persone wat nie Suid-Afrikaanse burgers is nie maar permanent of tydelik binne die Republiek verkeer, vir watter doeleindes ook al.

**Direkteur-generaal belas met uitvoering van Wet**

**3.** Die Direkteur-generaal is belas met die uitvoering van hierdie Wet.

**Oordrag van bevoegdhede en pligte**

**4.** (1) Die Direkteur-generaal kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy nodig ag, enigiemand, ongeag of hy in diens van die Staat is of nie, of 'n beampte of kategorie beamptes of 'n werknemer of kategorie werknemers of 'n persoon of kategorie persone in die Staatsdiens, skriftelik magtig om in die algemeen of in 'n bepaalde geval of in gevalle van 'n bepaalde aard 'n bevoegdheid of plig uit te oefen of te verrig wat by of ingevolge hierdie Wet aan die Direkteur-generaal verleen of opgelê is.

(2) Die Direkteur-generaal is nie ontdoen nie van 'n bevoegdheid of plig aldus oorgedra en kan 'n beslissing geneem by die uitoefening van 'n bevoegdheid of die verrigting van 'n plig aldus oorgedra, tersyde stel of wysig.

**Bewaring van stukke en registrasie van geboortes en sterftes**

**5.** (1) Die Direkteur-generaal is die bewaarder van alle—

*(a)* dokumente met betrekking tot geboortes en sterftes wat kragtens hierdie Wet of enige ander wet verstrek moet word; en

*(b)* stukke van enige geboortes en sterftes wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge die Wette deur hierdie Wet herroep, bewaar is.

(2) Besonderhede verkry uit die dokumente bedoel in subartikel (1)*(a)* word in die bevolkingsregister opgeneem en daardie opname is die registrasie van die betrokke geboortes en sterftes.

(3) In die geval van 'n nie-Suid-Afrikaanse burger wat tydelik binne die Republiek verkeer, word besonderhede verkry uit dokumente vermeld in subartikel (1)*(a)* nie in die bevolkingsregister opgeneem nie en die uitreiking van 'n sertifikaat ten opsigte van daardie besonderhede is die registrasie daarvan.

**Reproduksie van dokumente**

**6.** (1) Ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet kan die Direkteur-generaal enige dokument wat ingevolge hierdie Wet ingedien word of stuk in artikel 5(1)*(b)* vermeld, reproduseer of laat reproduseer deur middel van 'n proses ooreenkomstig die regulasies wat na sy mening sodanige dokument of stuk noukeurig en duursaam reproduseer, en kan hy daardie reproduksie in plaas van sodanige dokument of stuk bewaar of laat bewaar en sodanige dokument of stuk vernietig.

(2) 'n Reproduksie vermeld in subartikel (1) word, ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, vir alle doeleindes geag die oorspronklike

(xvi) "registration", in relation to a birth or a death, means the registration thereof mentioned in section 5; (xiv)

(xvii) "regulation" means a regulation made and in force under this Act; (xv)

(xviii) "still-born", in relation to a child, means that it has had at least 26 weeks of intra-uterine existence but showed no sign of life after complete birth, and "still-birth", in relation to a child, has a corresponding meaning; (vi)

(xix) "this Act" includes the regulations. (viii)

## CHAPTER I

## ADMINISTRATION

**Application of Act**

**2.** The provisions of this Act shall apply to all South African citizens, whether in the Republic or outside the Republic, including persons who are not South African citizens but who sojourn permanently or temporarily in the Republic, for whatever purpose.

**Director-General to administer Act**

**3.** The Director-General shall be charged with the administration of this Act.

**Transfer of powers and duties**

**4.** (1) The Director-General may, subject to such conditions as he may deem necessary, in writing authorize any person, whether or not he is in the service of the State, or an officer or category of officers or an employee or category of employees or a person or category of persons in the Public Service, to exercise or perform, in general or in a particular case or in cases of a particular nature, any power or duty conferred or imposed on the Director-General by or in terms of this Act.

(2) The Director-General shall not be divested of any power or duty so transferred and may set aside or amend any decision made in the exercise of a power or the performance of a duty so transferred.

**Custody of records and registration of births and deaths**

**5.** (1) The Director-General shall be the custodian of all—

*(a)* documents relating to births and deaths required to be furnished under this Act or any other law; and

*(b)* records of any births and deaths preserved, prior to the commencement of this Act, in terms of the Acts repealed by this Act.

(2) Particulars obtained from the documents referred to in subsection (1)*(a)* shall be included in the population register and such inclusion is the registration of the births and deaths concerned.

(3) In the case of a non-South African citizen who sojourns temporarily in the Republic, particulars obtained from documents mentioned in subsection (1)*(a)* shall not be included in the population register and the issuing of a certificate in respect of such particulars is the registration thereof.

**Reproduction of documents**

**6.** (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law, the Director-General may reproduce or cause to be reproduced any document submitted in terms of this Act or record mentioned in section 5(1)*(b)*, by means of any process in accordance with the regulations which in his opinion accurately and durably reproduces such document or record, and he may preserve or cause to be preserved that reproduction in lieu of such document or record and may destroy such document or record.

(2) A reproduction mentioned in subsection (1) shall, notwithstanding anything to the contrary contained in any law, for all purposes be deemed to be the

dokument of stuk waarvan dit gereproduseer is, te wees, en 'n afskrif van sodanige reproduksie wat deur die Direkteur-generaal as 'n juiste afskrif van die oorspronklike gesertifiseer is, is in enige geregshof afdoende bewys van die inhoud van die oorspronklike dokument of stuk.

**Kontrolering, aanvulling en regstelling van besonderhede**

**7.** (1) Die Direkteur-generaal kan—

(*a*) die persoon wat besonderhede ingevolge hierdie Wet verstrek het, aansê om aan die Direkteur-generaal bewys te verstrek van die juistheid van sodanige besonderhede; en

(*b*) ondersoek instel of laat instel na enige aangeleentheid ten opsigte waarvan besonderhede vir die registrasie daarvan ingevolge artikel 5 gebruik moet word.

(2) Indien dit uit hoofde van subartikel (1) onder die Direkteur-generaal se aandag kom dat enige besonderhede ten opsigte van 'n persoon in enige dokument wat ingevolge hierdie Wet ingedien of bewaar word, nie korrek weergegee word nie, kan die Direkteur-generaal sodanige besonderhede aanvul en verbeter.

**Gelde betaalbaar**

**8.** Die Direkteur-generaal kan met die instemming van die Minister van Staatsbesteding die gelde bepaal wat betaalbaar is vir enige bepaalde handeling verrig ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet deur die Direkteur-generaal of enigiemand in artikel 4 beoog, en moet sodanige gelde in die *Staatskoerant* afkondig.

## HOOFSTUK II

## REGISTRASIE VAN GEBOORTES

**Aangifte van geboorte**

**9.** (1) In die geval van 'n kind wat lewend gebore word, moet enigeen van sy ouers, of indien geeneen van sy ouers daartoe in staat is nie, die persoon wat die kind onder sy sorg het of 'n persoon wat deur die ouers of genoemde persoon daartoe versoek is, binne sewe dae na die geboorte die aangifte daarvan op die voorgeskrewe wyse doen aan 'n persoon beoog in artikel 4.

(2) Behoudens die bepalings van artikel 10 moet die in subartikel (1) van hierdie artikel vermelde aangifte van geboorte onder die van van die vader van die betrokke kind gedoen word.

(3) Waar die aangifte van 'n geboorte gedoen word na die verloop van sewe dae vanaf die datum van die geboorte, kan die Direkteur-generaal gelas dat redes vir die laat aangifte verstrek word en dat die vingerafdrukke van die persoon wie se aangifte van geboorte gedoen word, geneem word.

(4) Geen registrasie van geboorte word gedoen nie van 'n persoon wat sterf voordat aangifte van sy geboorte ingevolge subartikel (1) gedoen is.

(5) Die persoon aan wie aangifte van geboorte ingevolge subartikel (1) gedoen is, moet aan die persoon wat daardie aangifte gedoen het, 'n geboortesertifikaat, of 'n ontvangserkenning van die aangifte van die geboorte in die voorgeskrewe vorm, na gelang die Direkteur-generaal bepaal, verstrek.

(6) Geen persoon se geboorte word geregistreer nie tensy 'n voornaam en 'n van aan hom toegewys is.

**Aangifte van geboorte van buite-egtelike kind**

**10.** (1) Aangifte van geboorte van 'n buite-egtelike kind moet—

(*a*) onder die van van die moeder gedoen word; of

(*b*) op die gesamentlike versoek van die moeder en die persoon wat in die teenwoordigheid van die persoon aan wie die aangifte van geboorte gedoen is, skriftelik erken dat hy die vader van die kind is en die voorgeskrewe besonderhede omtrent homself op die aangifte van

original document or record from which it was reproduced, and a copy of such reproduction certified to be a true copy of the original by the Director-General shall in any court of law be conclusive proof of the contents of the original document or record.

**Verification, supplementation and rectification of particulars**

**7.** (1) The Director-General may—

*(a)* require the person who has furnished any particulars in terms of this Act to furnish the Director-General with proof of the correctness of such particulars; and

*(b)* investigate or cause to be investigated any matter in respect of which particulars are to be used for the registration thereof in terms of section 5.

(2) If by virtue of subsection (1) it comes to the attention of the Director-General that any particulars in respect of any person in any document submitted or preserved in terms of this Act are not correctly reflected, the Director-General may supplement and correct such particulars.

**Fees payable**

**8.** The Director-General may with the concurrence of the Minister of State Expenditure determine the fees payable for any specified act performed in accordance with the provisions of this Act by the Director-General or any person contemplated in section 4, and shall publish such fees in the *Gazette*.

## CHAPTER II

## REGISTRATION OF BIRTHS

**Notice of birth**

**9.** (1) In the case of any child born alive, any one of his parents or, if neither of his parents is able to do so, the person having charge of the child or a person requested to do so by the parents or the said person, shall within seven days after the birth give notice thereof in the prescribed manner to any person contemplated in section 4.

(2) Subject to the provisions of section 10, the notice of birth referred to in subsection (1) of this section shall be given under the surname of the father of the child concerned.

(3) Where the notice of a birth is given after the expiration of seven days from the date of the birth, the Director-General may demand that reasons for the late notice be furnished and that the fingerprints be taken of the person whose notice of birth is given.

(4) No registration of birth shall be done of a person who dies before notice of his birth has been given in terms of subsection (1).

(5) The person to whom notice of birth was given in terms of subsection (1), shall furnish the person who gave that notice with a birth certificate, or an acknowledgement of receipt of the notice of birth in the prescribed form, as the Director-General may determine.

(6) No person's birth shall be registered unless a forename and a surname have been assigned to him.

**Notice of birth of illegitimate child**

**10.** (1) Notice of birth of an illegitimate child shall be given—

*(a)* under the surname of the mother; or

*(b)* at the joint request of the mother and of the person who in the presence of the person to whom the notice of birth was given acknowledges himself in writing to be the father of the child and enters the prescribed

geboorte aanteken, onder die van van die persoon wat aldus erken het, gedoen word.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1) kan die aangifte van geboorte onder die van van die moeder gedoen word indien die persoon in subartikel (1)*(b)* vermeld, met die toestemming van die moeder skriftelik erken dat hy die vader van die kind is en besonderhede omtrent homself op die aangifte van geboorte aanteken.

**Wysiging van geboorteregistrasie van buite-egtelike kind**

**11.** (1) 'n Ouer of voog van 'n buite-egtelike kind wie se ouers na die registrasie van sy geboorte met mekaar getrou het, kan, indien sodanige kind minderjarig is, of sodanige kind kan self, indien hy meerderjarig is, by die Direkteur-generaal aansoek doen om die registrasie van sy geboorte te wysig asof sy ouers ten tyde van sy geboorte met mekaar getroud was, en die Direkteur-generaal moet dan, indien hy oortuig is dat die aansoeker bevoeg is om die aansoek te doen, dat die beweerde ouers van die kind inderdaad sy ouers is en dat hulle wettig met mekaar getrou het, die registrasie van geboorte op die voorgeskrewe wyse wysig asof sodanige kind se ouers ten tyde van sy geboorte wettig met mekaar getroud was.

(2) Indien 'n buite-egtelike kind se ouers voor die aangifte van sy geboorte met mekaar trou, word aangifte van sodanige geboorte gegee en word die geboorte geregistreer asof die ouers ten tyde van sy geboorte met mekaar getroud was.

**Aangifte van geboorte van verlate kind**

**12.** Die aangifte van geboorte van 'n verlate kind wat nie reeds gedoen is nie, moet na 'n ondersoek ten opsigte van die betrokke kind ingevolge die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet No. 74 van 1983), deur die betrokke maatskaplike werker of gemagtigde beampte gedoen word: Met dien verstande dat indien 'n ouer van die kind opgespoor word na die registrasie van die geboorte en die besonderhede in enige dokument of stuk ten opsigte van die kind nie korrek weergegee word nie, die Direkteur-generaal genoemde besonderhede op aansoek kan aanvul en verbeter.

**Geboorte buite die Republiek**

**13.** Indien 'n kind van 'n vader of moeder wat 'n Suid-Afrikaanse burger is buite die Republiek gebore word, kan die aangifte van geboorte aan die hoof van 'n Suid-Afrikaanse diplomatieke of konsulêre missie, of 'n streekverteenwoordiger in die Republiek, gedoen word.

## HOOFSTUK III

## REGISTRASIE VAN STERFTES

**Sterfte weens natuurlike oorsake**

**14.** (1) In die geval van 'n sterfte weens natuurlike oorsake moet enige persoon wat by die dood teenwoordig was, of wat daarvan te wete kom, of wat die betrokke begrafnis reël, so gou doenlik, by wyse van 'n sertifikaat vermeld in artikel 15(1) of (2), kennis daarvan gee aan 'n persoon in artikel 4 beoog.

(2) Indien die in artikel 4 beoogde persoon op grond van die ingevolge artikel 15(1) of (2) uitgereikte sertifikaat oortuig is dat die dood die gevolg was van natuurlike oorsake, voltooi hy die voorgeskrewe sterfteregister en reik hy 'n voorgeskrewe begrafnisorder uit wat die begrafnis magtig.

(3) Indien daar voordat 'n voorgeskrewe begrafnisorder uitgereik is, by 'n in artikel 4 beoogde persoon 'n redelike twyfel ontstaan of die dood die gevolg was van natuurlike oorsake, reik hy nie 'n begrafnisorder uit nie en lig hy 'n polisiebeampte in aangaande sodanige twyfel.

(4) Indien daar nadat 'n voorgeskrewe begrafnisorder uitgereik is, by 'n in artikel 4 beoogde persoon 'n redelike twyfel ontstaan of die dood die gevolg van natuurlike oorsake was, lig hy 'n polisiebeampte in aangaande sodanige twyfel, en

particulars regarding himself upon the notice of birth, under the surname of the person who has so acknowledged.

(2) Notwithstanding the provisions of subsection (1), the notice of birth may be given under the surname of the mother if the person mentioned in subsection (1)*(b)*, with the consent of the mother, acknowledges himself in writing to be the father of the child and enters particulars regarding himself upon the notice of birth.

**Amendment of birth registration of illegitimate child**

**11.** (1) Any parent or guardian of an illegitimate child whose parents married each other after the registration of his birth, may, if such child is a minor, or such child himself may, if he is of age, apply to the Director-General to amend the registration of his birth as if his parents were married to each other at the time of his birth, and thereupon the Director-General shall, if satisfied that the applicant is competent to make the application, that the alleged parents of the child are in fact his parents and that they legally married each other, amend the registration of birth in the prescribed manner as if such a child's parents were legally married to each other at the time of his birth.

(2) If an illegitimate child's parents marry each other before notice of his birth is given, notice of such birth shall be given and the birth registered as if the parents were married to each other at the time of his birth.

**Notice of birth of abandoned child**

**12.** The notice of birth of an abandoned child which has not yet been given, shall be given, after an enquiry in respect of the child concerned in terms of the Child Care Act, 1983 (Act 74 of 1983), by the social worker or authorized officer concerned: Provided that in the event of any parent of the child being traced after the registration of the birth and the particulars in any document or record in respect of the child not being reflected correctly, the Director-General may on application amplify and correct the said particulars.

**Birth outside the Republic**

**13.** If a child of a father or a mother who is a South African citizen is born outside the Republic, notice of birth may be given to the head of a South African diplomatic or consular mission, or a regional representative in the Republic.

## CHAPTER III

## REGISTRATION OF DEATHS

**Death due to natural causes**

**14.** (1) In the case of a death due to natural causes any person who was present at the death, or who became aware thereof, or who has charge of the burial concerned, shall give, as soon as practicable, by means of a certificate mentioned in section 15(1) or (2), notice thereof to a person contemplated in section 4.

(2) If the person contemplated in section 4 is satisfied on the basis of the certificate issued in terms of section 15(1) or (2) that the death was due to natural causes, he shall complete the prescribed death register and issue a prescribed burial order authorizing burial.

(3) If, before a prescribed burial order has been issued, a person contemplated in section 4 has reasonable doubt whether the death was due to natural causes, he shall not issue a burial order and he shall inform a police officer as to such doubt.

(4) If, after a prescribed burial order has been issued, a person contemplated in section 4 has reasonable doubt whether the death was due to natural causes, he shall inform a police officer as to such doubt, and before the police officer acts

voordat die polisiebeampte ingevolge die bepalings van artikel 16 optree, moet hy, indien die lyk nie reeds begrawe is nie, die begrafnisorder intrek en kanselleer.

**Sertifikaat van geneesheer**

**15.** (1) Waar 'n geneesheer oortuig is dat die dood van 'n persoon wat voor sy afsterwe deur die geneesheer behandel is, die gevolg van natuurlike oorsake was, reik hy 'n voorgeskrewe sertifikaat uit wat die oorsaak van dood vermeld.

(2) 'n Geneesheer wat 'n persoon nie voor sy dood behandel het nie maar na die persoon se dood die lyk ondersoek het en oortuig is dat die dood die gevolg van natuurlike oorsake was, kan 'n voorgeskrewe sertifikaat met daardie strekking uitreik.

(3) Indien 'n geneesheer van mening is dat die dood die gevolg was van ander as natuurlike oorsake, reik hy nie 'n sertifikaat vermeld in subartikel (1) of (2) uit nie en lig hy 'n polisiebeampte in van sy mening in dié verband.

**Plig van polisiebeampte by ontvangs van sekere inligting**

**16.** Wanneer 'n polisiebeampte inligting vermeld in artikel 14(3) of (4), 15(3) of 18(4) of (5) ontvang, tree hy op ingevolge die bepalings van artikel 3 van die Wet op Geregtelike Doodsondersoeke, 1959 (Wet No. 58 van 1959).

**Sterfte weens ander as natuurlike oorsake**

**17.** (1) Na 'n ondersoek na die omstandighede van 'n sterfte weens ander as natuurlike oorsake ingevolge artikel 3 van die Wet op Geregtelike Doodsondersoeke, 1959 (Wet No. 58 van 1959), moet die betrokke geneesheer, sodra hy oortuig is dat die betrokke lyk nie langer vir die doeleindes van 'n ondersoek in genoemde artikel 3 vermeld nodig is nie, 'n voorgeskrewe sertifikaat te dien effekte uitreik en aan die betrokke polisiebeampte oorhandig.

(2) Nadat die in subartikel (1) bedoelde sertifikaat uitgereik is, kan die betrokke polisiebeampte, of 'n in artikel 4 beoogde persoon, na gelang van die geval, op grond van genoemde sertifikaat die voorgeskrewe sterfteregister sonder vermelding van 'n oorsaak van dood voltooi en kan die betrokke polisiebeampte of die in artikel 4 beoogde persoon, na gelang van die geval, die voorgeskrewe begrafnisorder uitreik wat die begrafnis magtig.

**Doodgeboorte**

**18.** (1) 'n Geneesheer wat by 'n doodgeboorte teenwoordig was, of wat die lyk van 'n kind ondersoek het en oortuig is dat die kind doodgebore is, moet 'n voorgeskrewe sertifikaat met daardie strekking uitreik.

(2) Indien geen geneesheer by die doodgeboorte teenwoordig was nie of geen geneesheer die lyk van 'n doodgebore kind ondersoek het nie, moet enige persoon wat by die doodgeboorte teenwoordig was, 'n voorgeskrewe verklaring daaromtrent aan 'n in artikel 4 beoogde persoon doen.

(3) Die sertifikaat in subartikel (1) vermeld of die verklaring in subartikel (2) vermeld, word geag die kennisgewing van die doodgeboorte te wees, en 'n in artikel 4 beoogde persoon moet op grond van sodanige kennisgewing en indien hy oortuig is dat die kind doodgebore is onder die van van 'n betrokke ouer 'n voorgeskrewe begrafnisorder uitreik wat die begrafnis magtig.

(4) Indien daar voordat 'n voorgeskrewe begrafnisorder uitgereik is, by 'n in artikel 4 beoogde persoon 'n redelike twyfel ontstaan of die kind doodgebore is, reik hy nie 'n begrafnisorder uit nie en lig hy 'n polisiebeampte in aangaande sodanige twyfel.

(5) Indien daar nadat 'n voorgeskrewe begrafnisorder uitgereik is, by 'n in artikel 4 beoogde persoon 'n redelike twyfel ontstaan of die kind doodgebore is, lig hy 'n polisiebeampte in met betrekking tot sodanige twyfel, en voordat die polisiebeampte ingevolge die bepalings van artikel 16 optree, moet hy, indien die lyk nie reeds begrawe is nie, die begrafnisorder intrek en kanselleer.

in terms of the provisions of section 16, he shall, if the corpse has not yet been buried, withdraw and cancel the burial order.

**Certificate by medical practitioner**

**15.** (1) Where a medical practitioner is satisfied that the death of any person who was attended before his death by the medical practitioner was due to natural causes, he shall issue a prescribed certificate stating the cause of death.

(2) A medical practitioner who did not attend any person before his death but after the death of the person examined the corpse and is satisfied that the death was due to natural causes, may issue a prescribed certificate to that effect.

(3) If a medical practitioner is of the opinion that the death was due to other than natural causes, he shall not issue a certificate mentioned in subsection (1) or (2) and shall inform a police officer as to his opinion in that regard.

**Duty of police officer on receipt of certain information**

**16.** Whenever a police officer receives information mentioned in section 14(3) or (4), 15(3) or 18(4) or (5), he shall act in terms of the provisions of section 3 of the Inquests Act, 1959 (Act No. 58 of 1959).

**Death due to other than natural causes**

**17.** (1) After an investigation as to the circumstances of a death due to other than natural causes in terms of section 3 of the Inquests Act, 1959 (Act No. 58 of 1959), the medical practitioner concerned shall, as soon as he is satisfied that the corpse concerned is no longer required for the purposes of an examination mentioned in the said section 3, issue a prescribed certificate to that effect and deliver it to the police officer concerned.

(2) After the certificate referred to in subsection (1) has been issued, the police officer concerned, or any person contemplated in section 4, as the case may be, may, on the basis of the said certificate, complete the prescribed death register, without stating a cause of death, and the police officer concerned or the person contemplated in section 4, as the case may be, may issue the prescribed burial order authorizing burial.

**Still-birth**

**18.** (1) A medical practitioner who was present at a still-birth, or who examined the corpse of a child and is satisfied that the child was still-born, shall issue a prescribed certificate to that effect.

(2) If no medical practitioner was present at the still-birth, or if no medical practitioner examined the corpse of a still-born child, any person who was present at the still-birth shall make a prescribed declaration thereanent to any person contemplated in section 4.

(3) The certificate mentioned in subsection (1) or the declaration mentioned in subsection (2) shall be deemed to be the notice of the still-birth, and a person contemplated in section 4 shall, on the basis of such notice and if he is satisfied that the child was still-born, issue under the surname of any parent concerned a prescribed burial order authorizing burial.

(4) If, before a prescribed burial order has been issued, a person contemplated in section 4 has reasonable doubt whether the child was still-born, he shall not issue a burial order and he shall inform a police officer as to such doubt.

(5) If, after a prescribed burial order has been issued, a person contemplated in section 4 has reasonable doubt whether the child was still-born, he shall inform a police officer as to such doubt, and before the police officer acts in terms of the provisions of section 16, he shall, if the corpse has not yet been buried, withdraw and cancel the burial order.

**Sterfte buite die Republiek**

**19.** (1) Indien 'n persoon wat wettig en blywend in die Republiek woonagtig is, buite die Republiek sterf, moet sy dood ingevolge die bepalings van hierdie Wet geregistreer word op grond van 'n sterftesertifikaat of ander soortgelyke dokument uitgereik deur die betrokke owerheid in die land waarin die dood plaasgevind het.

(2) Indien die betrokke lyk binne die Republiek begrawe moet word, moet 'n persoon in artikel 4 beoog, by die tersaaklike toegangspoort, op grond van die sterftesertifikaat of ander soortgelyke dokument in subartikel (1) vermeld, die voorgeskrewe sterfteregister voltooi en 'n voorgeskrewe begrafnisorder uitreik wat die begrafnis magtig.

(3) Ondanks die bepalings van artikel 2 kan die Direkteur-generaal na goeddunke toestemming verleen vir die uitreiking van 'n voorgeskrewe begrafnisorder wat die begrafnis in die Republiek magtig van 'n persoon wat nie wettig en blywend in die Republiek woonagtig was nie en buite die Republiek gesterf het.

(4) By die toepassing van hierdie artikel het "toegangspoort" die betekenis wat daaraan geheg word by artikel 1 van die Wet op Vreemdelinge-beheer, 1991 (Wet No. 96 van 1991).

**Begrafnisorder**

**20.** (1) Geen begrafnis vind plaas nie tensy kennis van die dood of doodgeboorte aan 'n persoon beoog in artikel 4 gegee is en hy 'n voorgeskrewe begrafnisorder uitgereik het.

(2) Die in subartikel (1) vermelde begrafnisorder moet deur die persoon wat vir die begrafnis verantwoordelik is aan 'n persoon in beheer van die betrokke begraafplaas besorg word.

(3) Indien die begrafnis van 'n lyk moet plaasvind buite die landdrosdistrik waarin die sterfte plaasgevind het, kan die lyk slegs uit hoofde van 'n begrafnisorder na 'n plek buite genoemde landdrosdistrik verwyder word.

**Begrafnisregister**

**21.** Die persoon in beheer van 'n begraafplaas moet 'n begrafnisregister in stand hou waarin hy vanaf die begrafnisorder die voorgeskrewe besonderhede ten opsigte van elke begrafnis in dié begraafplaas moet aanteken.

**Uitreiking van sterftesertifikaat**

**22.** Nadat 'n sterfte ingevolge hierdie Wet geregistreer is, moet die Direkteur-generaal 'n voorgeskrewe sterftesertifikaat uitreik.

## HOOFSTUK IV

## ALGEMEEN

**Aanvulling van geboorteregistrasies**

**23.** Indien die geboorte van 'n persoon voor die inwerkingtreding van hierdie Wet geregistreer is sonder dat daar 'n voornaam of 'n van aan hom toegewys is, kan enige ouer of sy voog indien hy minderjarig is, of hyself indien hy meerderjarig is, by die Direkteur-generaal aansoek doen om die aanvulling van die registrasie van sy geboorte deur die inskrywing van sy voornaam of van in verband daarmee, en die Direkteur-generaal moet dan, indien hy oortuig is dat die aansoeker bevoeg is om die aansoek te doen, die geboorteregister ten opsigte van so 'n persoon aldus aanvul.

**Verandering van voornaam**

**24.** (1) 'n Ouer van 'n minderjarige persoon, of hyself, indien hy meerderjarig is, kan by die Direkteur-generaal aansoek doen om die verandering van sy voornaam waaronder sy geboorte geregistreer is, en die Direkteur-generaal kan sodanige voornaam dienooreenkomstig op die voorgeskrewe wyse verander.

**Death outside the Republic**

**19.** (1) If any person who is lawfully and permanently resident in the Republic dies outside the Republic, his death shall be registered in terms of the provisions of this Act on the strength of a death certificate or other similar document issued by the authority concerned in the country in which the death occurred.

(2) If the corpse concerned is to be buried within the Republic, a person contemplated in section 4 at the relevant port of entry shall, on the strength of the death certificate or other similar document mentioned in subsection (1), complete the prescribed death register and issue a prescribed burial order authorizing burial.

(3) Notwithstanding the provisions of section 2, the Director-General may, if he deems fit, grant permission that a prescribed burial order be issued authorizing burial in the Republic of a person who was not lawfully and permanently resident in the Republic and who died outside the Republic.

(4) For the purposes of this section "port of entry" has the meaning assigned thereto by section 1 of the Aliens Control Act, 1991 (Act No. 96 of 1991).

**Burial order**

**20.** (1) No burial shall take place unless notice of the death or still-birth has been given to a person contemplated in section 4 and he has issued a prescribed burial order.

(2) The burial order mentioned in subsection (1) shall be delivered by the person who has charge of the burial to the person who has control of the burial place concerned.

(3) If the burial of a corpse is to take place outside the magisterial district within which the death occurred, the corpse may only be removed by virtue of a burial order to a place outside the said magisterial district.

**Burial register**

**21.** Any person having charge of a burial place shall maintain a burial register in which he shall enter from the burial order the prescribed particulars regarding every burial in such burial place.

**Issuing of death certificate**

**22.** After a death has been registered in terms of this Act, the Director-General shall issue a prescribed death certificate.

## CHAPTER IV

## GENERAL

**Amplification of birth registrations**

**23.** If the birth of any person was registered before the commencement of this Act without the assignment to him of any forename or surname, any parent or his guardian if he is a minor, or he himself if he is a person of age, may apply to the Director-General for the amplification of the registration of his birth by the entry of his forename or surname in connection therewith, and the Director-General shall thereupon, if satisfied that the applicant is competent to make the application, so amplify the birth register in respect of such person.

**Alteration of forename**

**24.** (1) Any parent of a minor, or he himself if he is a person of age, may apply to the Director-General for the alteration of his forename under which his birth is registered, and the Director-General may alter such forename accordingly in the prescribed manner.

(2) By die toepassing van hierdie artikel beteken "ouer" een ouer of 'n voog wat beheer en toesig oor 'n persoon het, en ook iemand wat die wetlike of feitelike bewaring van of beheer oor die betrokke persoon het.

**Vansverandering van minderjarige**

**25.** (1) Wanneer—

*(a)* die geboorte van 'n buite-egtelike minderjarige geregistreer is en die moeder van daardie minderjarige trou met iemand anders as die natuurlike vader van die minderjarige;

*(b)* 'n minderjarige se vader oorlede is of sy ouers se huwelik ontbind is en sy moeder weer trou of sy moeder as 'n weduwee of geskeide 'n van aanneem wat sy voorheen gedra het;

*(c)* die geboorte van 'n buite-egtelike minderjarige onder sy natuurlike vader se van geregistreer is; of

*(d)* 'n minderjarige in die sorg van 'n voog is,

kan sy moeder of sy voog, na gelang van die geval, by die Direkteur-generaal aansoek doen om die verandering van sy van na die van van sy moeder, of die van wat sy moeder aldus aangeneem het, of die van van sy voog, na gelang van die geval, en die Direkteur-generaal kan die registrasie van geboorte van dié minderjarige dienooreenkomstig op die voorgeskrewe wyse verander: Met dien verstande dat die man wat met die moeder van 'n minderjarige vermeld in paragraaf *(a)* of *(b)* getrou het, skriftelike toestemming tot die verandering moet verleen.

(2) 'n Ouer of voog van 'n minderjarige wie se geboorte onder 'n bepaalde van in die bevolkingsregister opgeneem is, kan op grond van 'n rede wat nie in subartikel (1) vermeld is nie, by die Direkteur-generaal aansoek doen om die verandering van die van van die minderjarige waaronder sy geboorte geregistreer is, en die Direkteur-generaal kan, by voorlegging van 'n gegronde rede wat vir die beoogde vansverandering verstrek is, genoemde oorspronklike van dienooreenkomstig op die voorgeskrewe wyse verander.

(3) By die toepassing van hierdie artikel beteken "voog" ook iemand wat die wetlike of feitelike bewaring van of beheer oor 'n minderjarige het.

**Aanname van ander van**

**26.** (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet of enige ander wet mag geen persoon hom 'n ander van toeëien of homself by 'n ander van noem of onder 'n ander van deurgaan as dié waaronder hy in die bevolkingsregister opgeneem is of dié waaronder hy permanente verblyf in die Republiek verkry het nie, tensy die Direkteur-generaal hom gemagtig het om daardie ander van aan te neem: Met dien verstande dat hierdie subartikel nie van toepassing is nie wanneer—

*(a)* 'n vrou na haar huwelik, met inbegrip van 'n huwelik ooreenkomstig die Islamitiese gebruike of die gebruik van enige Indiese geloof of 'n gebruiklike verbinding soos omskryf in artikel 35 van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), die van aanneem van die man met wie sy sodanige huwelik of verbinding aangegaan het of na aanname van sy van, 'n van wat sy te eniger tyd voorheen gedra het, weer aanneem;

*(b)* 'n getroude of geskeide vrou of 'n weduwee 'n van wat sy te eniger tyd voorheen gedra het, weer aanneem.

(2) Op aansoek van 'n persoon kan die Direkteur-generaal, indien hy oortuig is dat daar 'n gegronde rede is vir die persoon se aanname van 'n ander van, die persoon magtig om 'n ander van as sy van soos in die bevolkingsregister opgeneem, aan te neem, en die Direkteur-generaal moet die vervangende van op die voorgeskrewe wyse in die bevolkingsregister opneem, en kan 'n persoon magtig om 'n ander van as dié waaronder hy permanente verblyf in die Republiek verkry het, aan te neem.

**Publisering van veranderings en aanvullings van voorname en vanne**

**27.** In die geval van 'n in artikels 23, 24(1) en 26(2) vermelde verandering of aanvulling van voornaam of van, moet die Direkteur-generaal so spoedig

(2) For the purposes of this section "parent" means one parent or any guardian who has charge of any person, and includes any person who has in law or in fact the custody or control of the person concerned.

**Alteration of surname of minor**

**25.** (1) When—

*(a)* the birth of any illegitimate minor has been registered and the mother of that minor marries any person other than the natural father of the minor;

*(b)* the father of any minor is deceased or his parents' marriage has been dissolved and his mother remarries or his mother as a widow or divorcee resumes a surname which she bore at any prior time;

*(c)* the birth of any illegitimate minor has been registered under the surname of his natural father; or

*(d)* a minor is in the care of a guardian,

his mother or his guardian, as the case may be, may apply to the Director-General for the alteration of his surname to the surname of his mother, or the surname which his mother has resumed, or the surname of his guardian, as the case may be, and the Director-General may alter the registration of birth of that minor accordingly in the prescribed manner: Provided that the man who married the mother of a minor mentioned in paragraph *(a)* or *(b)*, shall grant written consent for the alteration.

(2) Any parent or any guardian of a minor whose birth has been included under a specific surname in the population register, may on the strength of a reason not mentioned in subsection (1), apply to the Director-General for the alteration of the surname of the minor under which his birth was registered, and the Director-General may, on submission of a good and sufficient reason given for the contemplated alteration of the surname, alter the said original surname accordingly in the prescribed manner.

(3) For the purposes of this section "guardian" includes any person who has in law or in fact the custody or control of a minor.

**Assumption of another surname**

**26.** (1) Subject to the provisions of this Act or any other law, no person shall assume or describe himself by or pass under any surname other than that under which he has been included in the population register or that under which he obtained permanent residence in the Republic, unless the Director-General has authorized him to assume that other surname: Provided that this subsection shall not apply when—

*(a)* a woman after her marriage, including a marriage according to the rites of the Islamic or any Indian religion or a customary union as defined in section 35 of the Black Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), assumes the surname of the man with whom she concluded such marriage or union or after having assumed his surname, resumes a surname which she bore at any prior time;

*(b)* a married or divorced woman or a widow resumes a surname which she bore at any prior time.

(2) At the request of any person the Director-General may, if he is satisfied that there is a good and sufficient reason for that person's assumption of another surname, authorize the person to assume a surname other than his surname as included in the population register, and the Director-General shall include the substitutive surname in the population register in the prescribed manner, and may authorize a person to assume a surname other than that under which he obtained permanent residence in the Republic.

**Publishing of alterations and amplifications of forenames and surnames**

**27.** In the case of an alteration or amplification of forename or surname mentioned in sections 23, 24(1) and 26(2), the Director-General shall as soon as

moontlik nadat sodanige verandering of aanvulling gemagtig is, so 'n verandering of aanvulling wat betrekking het op 'n meerderjarige persoon, op die voorgeskrewe wyse by kennisgewing in die *Staatskoerant* laat publiseer.

**Uitreiking van sertifikate**

**28.** (1) Die Direkteur-generaal kan op aansoek 'n sertifikaat uit die bevolkingsregister uitreik in 'n vorm wat hy goedvind.

(2) Elke sertifikaat wat ingevolge subartikel (1) uitgereik word, is in alle geregshowe *prima facie*-getuienis van die besonderhede daarin uiteengesit.

**Geheimhouding**

**29.** (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) mag niemand enige inligting wat verkry is uit dokumente of stukke vermeld in artikel 5(1), en wat hy uit hoofde van sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet of die een of ander wet bekom het, bekend maak of aan iemand anders meedeel nie, behalwe vir die doeleindes van hierdie Wet, geregtelike stappe of die verrigting van werksaamhede ingevolge 'n ander wet, en niemand wat in besit van sodanige inligting gekom het, mag daardie inligting bekend maak of aan iemand anders meedeel nie.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1) kan die Direkteur-generaal enige inligting met betrekking tot 'n persoon wat ingevolge hierdie Wet ingedien is, verskaf aan—

*(a)* enige Staatsdepartement, plaaslike owerheid of statutêre liggaam vir enige van die statutêre doeleindes van daardie departement, owerheid of liggaam; of

*(b)* iemand wat met 'n volledige uiteensetting van die doeleindes waarvoor die inligting nodig is, skriftelik daarom aansoek gedoen het en die voorgeskrewe gelde, as daar is, betaal het, mits die Direkteur-generaal oortuig is dat die verskaffing van daardie inligting in belang is van die persoon omtrent wie besonderhede aangevra is, of in die openbare belang is.

**Seëlregte vrygestel**

**30.** By die toepassing van hierdie Wet is geen seëlregte betaalbaar nie.

**Misdrywe, strawwe en bewyslewering**

**31.** (1) Iemand wat—

*(a)* sonder gegronde rede versuim om enige kennisgewing, inligting, verklaring of sertifikaat te verstrek wat volgens hierdie Wet verstrek moet word;

*(b)* 'n valse verklaring betreffende enige besonderhede wat volgens hierdie Wet bekend gemaak en geregistreer moet word, doen of laat doen;

*(c)* 'n dokument of stuk in artikel 5 vermeld of 'n reproduksie daarvan in sy bewaring het en wat dit verloor of beskadig of vernietig of wat toelaat dat dit beskadig of vernietig word;

*(d)* 'n dokument of stuk vermeld in hierdie Wet, 'n gesertifiseerde afskrif daarvan of 'n gesertifiseerde uittreksel daaruit, vervals of namaak of dit laat vervals of namaak;

*(e)* voorgee dat enige geskrif 'n afskrif van of uittreksel uit 'n dokument of stuk vermeld in artikel 5 of 'n reproduksie daarvan is, terwyl hy weet dat sodanige geskrif in die een of ander opsig vals is; of

*(f)* gelde vorder of ontvang vir enige handeling wat verrig is of verrig staan te word ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet wat hoër is as die gelde betaalbaar ingevolge hierdie Wet vir sodanige handeling, of waar geen gelde vir sodanige handeling ingevolge hierdie Wet betaalbaar is nie,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.

(2) Indien in 'n geding die vraag ontstaan of, of daar beweer word dat, iemand in stryd met die bepalings van hierdie Wet 'n sertifikaat wat ingevolge hierdie Wet

possible after such alteration or amplification has been authorized, cause any such alteration or amplification which relates to a person of age, to be published in the prescribed manner by notice in the *Gazette*.

**Issuing of certificates**

**28.** (1) The Director-General may on application issue a certificate from the population register in such form as he may deem fit.

(2) Every certificate issued in terms of subsection (1), shall in all courts of law be *prima facie* evidence of the particulars set forth therein.

**Secrecy**

**29.** (1) Subject to the provisions of subsection (2), no person shall publish or communicate to any other person any information obtained from documents or records mentioned in section 5(1), and which he acquired by virtue of his functions in terms of this Act or any other law, except for the purposes of this Act, judicial proceedings or the performance of functions in terms of any other law, and no person who has come into possession of any such information shall publish the information or communicate it to any other person.

(2) Notwithstanding the provisions of subsection (1), the Director-General may furnish any information in relation to a person submitted in terms of this Act to—

*(a)* any department of State, local authority or statutory body for any of the statutory purposes of that department, authority or body; or

*(b)* any person who has applied therefor in writing with a full exposition of the purposes for which the information is required and who has paid the prescribed fees, if any, provided the Director-General is satisfied that the furnishing of that information is in the interest of the person regarding whom particulars are requested or is in the public interest.

**Exemption from stamp duties**

**30.** No stamp duty shall be payable for the purposes of this Act.

**Offences, penalties and evidence**

**31.** (1) Any person who—

*(a)* without reasonable cause fails to furnish any notice, information, statement or certificate required by this Act;

*(b)* makes or causes to be made any false statement relating to any of the particulars required by this Act to be made known and registered;

*(c)* having the custody of any document or record mentioned in section 5 or a reproduction thereof, loses it or damages it or destroys it or allows it to be damaged or destroyed;

*(d)* falsely makes or counterfeits or causes to be falsely made or counterfeited any document or record mentioned in this Act, a certified copy thereof or a certified extract therefrom;

*(e)* gives out any writing to be a copy of or extract from any document or record mentioned in section 5 or a reproduction thereof, knowing such writing to be false in any part; or

*(f)* charges or receives fees for any act performed or to be performed in accordance with the provisions of this Act which are higher than the fees payable in terms of this Act for such act, or where no fees are payable in terms of this Act for such act,

shall be guilty of an offence and on conviction liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both such fine and such imprisonment.

(2) If in any proceedings the question arises whether, or it is alleged that, any person obtained in contravention of the provisions of this Act any certificate which has been or may be issued in terms of this Act, and such certificate is

uitgereik is of kan word, bekom het en sodanige sertifikaat vervals of nagemaak is, word vermoed dat so iemand sodanige sertifikaat aldus bekom het en dat sodanige sertifikaat vervals of nagemaak is, totdat die teendeel bewys word.

**Regulasies**

**32.** (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig met betrekking tot enige aangeleentheid wat hy nodig ag om voor te skryf ten einde aan die oogmerke van hierdie Wet gevolg te gee, met inbegrip van regulasies aangaande enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet by regulasie voorgeskryf moet of kan word.

(2) Regulasies kragtens subartikel (1) uitgevaardig, kan strawwe van 'n boete of van gevangenisstraf van hoogstens twee jaar voorskryf vir die oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen.

**Herroeping en wysiging van Wette, en voorbehoude**

**33.** (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) word die Wette in die Bylae vermeld hierby herroep of gewysig in die mate in die derde kolom daarvan aangedui.

(2) Enigiets wat gedoen is kragtens 'n bepaling van 'n Wet wat by subartikel (1) herroep is en wat kragtens 'n bepaling van hierdie Wet gedoen sou kon word, word geag kragtens laasgenoemde bepaling gedoen te gewees het.

**Kort titel**

**34.** Hierdie Wet heet die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

forged or spurious, such person shall be presumed to have so obtained such certificate and it shall be presumed that such certificate is forged or spurious until the contrary is proved.

**Regulations**

**32.** (1) The Minister may make regulations in regard to any matter which he considers it necessary to prescribe in order to give effect to the objects of this Act, including regulations as to any matter which in terms of this Act is required or permitted to be prescribed by regulation.

(2) Regulations made under subsection (1) may prescribe penalties of a fine or of imprisonment for a period not exceeding two years for any contravention thereof or failure to comply therewith.

**Repeal and amendment of Acts, and savings**

**33.** (1) Subject to the provisions of subsection (2), the Acts mentioned in the Schedule are hereby repealed or amended to the extent set out in the third column thereof.

(2) Anything done under any provision of an Act repealed by subsection (1) and which could be done under a provision of this Act shall be deemed to have been done under the latter provision.

**Short title**

**34.** This Act shall be called the Births and Deaths Registration Act, 1992, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

## Bylae

WETTE HERROEP OF GEWYSIG

(ARTIKEL 33)

| No. en jaar van Wet | Titel | In hoeverre herroep of gewysig |
|---|---|---|
| 1 van 1937 | Wet op Vreemdelinge, 1937 | Soveel as wat nog nie herroep is nie. |
| 25 van 1961 | Huwelikswet, 1961 | Invoeging van die volgende artikel na artikel 29: **"Registrasie van huwelike** 29A. (1) Die huweliksbevestiger wat 'n huwelik voltrek, die partye daarby en twee bevoegde getuies moet die betrokke huweliksregister onmiddellik na voltrekking van sodanige huwelik onderteken. (2) Die huweliksbevestiger stuur die huweliksregister en betrokke stukke, na gelang van die geval, onverwyld aan 'n streek- of distrikverteenwoordiger kragtens artikel 21(1) van die Wet op Identifikasie, 1986 (Wet No. 72 van 1986), as sodanig aangewys.". |
| 81 van 1963 | Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963 | Die geheel. |
| 17 van 1967 | Wysigingswet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1967 | Die geheel. |
| 18 van 1968 | Wysigingswet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1968 | Die geheel. |
| 58 van 1970 | Wysigingswet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1970 | Die geheel. |
| 51 van 1974 | Wysigingswet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1974 | Die geheel. |
| 35 van 1982 | Wysigingswet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1982 | Die geheel. |
| 41 van 1986 | Wysigingswet op Huwelike, Geboortes en Sterfgevalle, 1986 | Die herroeping van die geheel, behalwe artikels 1, 2, 3 en 22, en die wysiging van artikel 22 deur die skrapping daarin van die woorde "of kragtens 'n bepaling van die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963". |

**Schedule**

ACTS REPEALED OR AMENDED

(Section 33)

| No. and year of Act | Title | Extent of repeal or amendment |
|---|---|---|
| 1 of 1937 | Aliens Act, 1937 | So much as is unrepealed. |
| 25 of 1961 | Marriage Act, 1961 | Insertion after section 29 of the following section: **"Registration of marriages** 29A. (1) The marriage officer solemnizing any marriage, the parties thereto and two competent witnesses shall sign the marriage register concerned immediately after such marriage has been solemnized. (2) The marriage officer shall forthwith transmit the marriage register and records concerned, as the case may be, to a regional or district representative designated as such under section 21(1) of the Identification Act, 1986 (Act No. 72 of 1986).". |
| 81 of 1963 | Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963 | The whole. |
| 17 of 1967 | Births, Marriages and Deaths Registration Amendment Act, 1967 | The whole. |
| 18 of 1968 | Births, Marriages and Deaths Registration Amendment Act, 1968 | The whole. |
| 58 of 1970 | Births, Marriages and Deaths Registration Amendment Act, 1970 | The whole. |
| 51 of 1974 | Births, Marriages and Deaths Registration Amendment Act, 1974 | The whole. |
| 35 of 1982 | Births, Marriages and Deaths Registration Amendment Act, 1982 | The whole. |
| 41 of 1986 | Marriages, Births and Deaths Amendment Act, 1986 | The repeal of the whole, except sections 1, 2, 3 and 22, and the amendment of section 22 by the deletion therein of the words "or under a provision of the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963". |

GEDRUK DEUR CREDA PRESS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—14000
PRINTED BY CREDA PRESS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—14000